37/87

BRIAN ARTHUR MORRIS Appellant

en

DIE STAAT Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

BRIAN ARTHUR MORRIS Appellant

en

DIE STAAT Respondent

Coram: VILJOEN, HOEXTER, ARR et BOSHOFF, Wn AR

Verhoor: 23 Maart 1987

Gelewer: 31 Maart 1987

---

## U I T S P R A A K

BOSHOFF, Wn AR:

Die appellant, 'n polisie-reservis, is in 'n streekhof skuldig bevind dat hy op 26 Februarie 1983

in........../2

Port Elizabeth vir Elmarie Immelman, hierna genoem die klaagster, verkrag het. Sedert die pleeg van hierdie misdaad, naamlik op 8 Desember 1983 is hy skuldig bevind in 'n ander hof aan 'n poging om te verkrag en aan die misdaad van besit van pornografiese materiaal. Ten opsigte van die poging is hy gevonnis tot R500 of 5 maande gevangenisstraf en ook 15 maande gevangenisstraf wat voorwaardelik opgeskort is. Ten opsigte van die besit van pornografiese materiaal is hy gevonnis tot R200 of 2 maande gevangenisstraf. Met die oplegging van straf in die verkragtingsaak het die streeklanddros, in navolging van die gesag van R v Zonele and Others 1959(3) SA 319 (A), die laasgenoemde veroordelings in aanmerking

geneem......../3

geneem en die appellant gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf.

Die appellant het sonder welslae teen beide sy skuldigbevinding en die straf wat opgelê is, geappelleer na die Oos-Kaapse Afdeling. Hy kom nou met toestemming in hoër beroep na hierdie hof.

Mnr Kilian namens die appellant gee toe dat die verhoorhof 'n volledige en goed gemotiveerde uitspraak in die saak gegee het, bewus was van die tersaaklike regsbeginsels en dit korrek toegepas het. Hy gee verder toe dat hy nie kan aanvoer dat die verhoorhof homself enigsins wanvoorgelig het of misgetas het nie. Sy betoog kom in hoofsaak daarop neer dat die appellant se getuienis

redelik moontlik waar is en dat die verhoorhof nie geregverdig was om, met die opweging van die klaagster se getuienis teen die appellant se getuienis, te bevind dat klaagster se getuienis van groter intrinsieke waarde is nie. Sy aanval teen die skuldigbevinding kom daarop neer dat die klaagster se getuienis nie betroubaar is nie en dat die appellant se getuienis onder die omstandighede redelik moontlik waar is. Sy aanval teen die straf is slegs dat dit buitensporig swaar is.

Die staat se saak kom in breë trekke op die volgende neer. Die klaagster, 'n negentienjarige student,

was op Saterdagaand, 26 Februarie 1983, saam met haar kêrel, Johan Labuschagne 'n twee-en-twintigjarige lid van die weermag, op 'n jooldans by die Universiteit. Sy het by Melodi, een van die universiteitskoshuise, ingewoon en moes voor 01h00 die Sondagoggend by die koshuis terug wees omdat die deure van die koshuis daardie tyd gesluit word. Ongeveer 00h15, na afloop van die dans en op pad terug na die koshuis, het Johan met sy motorkar eers by die Hugo's padkafee, ook bekend as "Flat Rock Roadhouse", afgedraai en amper op die laaste parkeerplek teenaan die see stilgehou om daar 'n bietjie met die klaagster te vry. Hy het die ~~rugleuning~~ van die klaagster se sitplek afgeslaan en was net besig om met haar geslagsgemeenskap te

hê toe iemand met ŉ flits teen die ruit aan die bestuurder se kant en binne-in die motorkar lig en vra wie daar binne is. Die ruite was toegewasem en nie heeltemal deursigtig nie. Klaagster het gedink dat dit kwajongens was en vir Johan gesê om gou weg te ry. Johan het dit gedoen en in die rigting van die koshuis gery. Op pad het klaagster gemerk dat ŉ motorkar hulle agtervolg en Johan het toe van die pad in ŉ grondpad na Kaap Receife afgedraai, die motorkar se ligte afgeskakel en stilgehou. Die motorkar wat hulle agtervolg het, het langs hulle motorkar stilgehou en twee persone in uniform het uitgeklim. Johan het ook uitgeklim. Een van hierdie persone wat in uniform was, en wat later geblyk het die

appellant....../6

appellant te wees, het na die klaagster gekom en het by die bestuurder se sitplek gekniel en haar naam en adres gevra. Sy was ontsteld en het gehuil en wou dit eers nie gee nie maar na Johan gesê het sy moet dit gee, het sy dit wel gedoen en haar huisadres gegee. Sy het hom ook gesê dat sy 'n inwoner in 'n koshuis is en net naweke huis toe gaan. Hy het die besonderhede in 'n boekie geskryf en gevra wat haar ma-hulle daarvan sou dink as hy haar nou dié tyd van die nag moet huis toe bring en aan hulle vertel wat tussen haar en Johan gebeur het. Hy het 'n uniform aangehad en klaagster was heeltemal onseker oor wat hy met haar gaan doen en oor wat hy gemagtig was om te doen.

Omdat Johan gepraat het, het die appellant

vir......./7

vir die ander polisie-reservis, sekere Clark, gesê om vir Johan ŉ entjie weg te neem. Hulle twee is toe na die oorkant van die pad omtrent 9 meter van die klaagster en appellant af weg en die polisiemotor was toe tussen hulle en die klaagster en die appellant by Johan se motorkar.

Appellant het gesê dat hy moet toets of daar saadselle in die klaagster is. Hy het sy hand voor by haar broek ingesteek en haar bene van mekaar af probeer forseer. Omdat sy haar teëgesit het, het hy gesê dat hy ŉ polisieman is en die reg het om die toets uit te voer en dat dit die manier is hoe hulle vasstel of daar wel saadselle is. Klaagster het gedink dit klink ŉ bietjie belaglik en het getwyfel of so ŉ tipe toets

korrek kon wees. Sy was egter te skaam om vir Johan of Clark te vra of die appellant geregtig is om so 'n toets uit te voer. Hulle was ook 'n entjie weg van haar af. Hy het nogtans sy vinger in haar privaatdeel geforseer, aan sy vinger geruik en gesê dat daar wel saadselle is en dat hy haar na haar ouerhuis gaan neem. Klaagster het daarop gesê dat haar ouers nie daarvan sal hou dat sy en Johan met die polisie daar aankom nie en hom dringend versoek om haar eerder na die koshuis te neem want die deure sou oor sowat 'n kwartier of tien minute toemaak en sy sou daar betyds

kon....../8

kon wees. Appellant was bereid om dit te doen maar klaagster moes vir Johan sê dat appellant haar na haar ma-hulle toe neem. Appellant het haar belowe om haar veilig by die koshuis te besorg en gesê sy moet in die polisiemotor klim. Appellant en Clark het eenkant gaan staan en met mekaar gepraat en dit het later geblyk dat appellant aan Clark opdrag gegee het om saam met Johan in sy motorkar na "Five Ways", sowat 16 km daarvandaan te gaan en daar vir hom te wag. Op pad na die polisiemotor het Johan vir klaagster gesê "iets is nie lekker nie" sy moet liewer saam met hom in sy motorkar na die koshuis terugkeer. Klaagster wou nie in stryd met die polisiegesag handel nie en het in die polisie-

motor........./9

motor geklim. Johan het vir appellant gevra of hy nie self vir die klaagster kan wegneem nie. Appellant het vir Johan gevra om stil te bly en in kru taal gesê dat hy klaar in die moeilikheid is.

Appellant het in die polisiemotor geklim om weg te ry maar gesien dat Johan nie sy motorkar aan die gang kon kry nie. Die klaagster het vir die appellant gevra of hy nie asseblief sal ry nie aangesien die tyd uitloop en sy laat by die koshuis sal kom. Appellant het geantwoord dat hy eers wil sien of Johan en Clark regkom. Johan het sy motorkar aan die gang gekry en weggery. Dit was ongeveer 00h55 en appellant het verder in die bos ingery in die rigting van die see.

Ongeveer......./10

Ongeveer 200 treë in die bos in het hulle twee of drie mense by 'n motorfiets teëgekom en appellant het toe dadelik omgedraai en teruggekeer na die grondpad waar Johan vroeër die nag afgedraai het. Hy het in die grootpad ingedraai en in die rigting van die Universiteit gery. Hy het by die Universiteitsgronde ingedraai en in die rigting van die hoofgebou en die biblioteek gery. By die pad na die sportkompleks en die koshuise het hy afgedraai en vir klaagster gevra wat die bosse aan hulle regterkant is. Klaagster het verduidelik dat dit nie 'n gebied is wat gebruik word nie en dat daar net 'n paadjie is wat deur die Technikon-studente as 'n kortpad gebruik word na die koshuise toe. Klaagster het die opmerking gemaak dat dit amper een-uur is en dat hulle dit nog

kon......./11

kon maak om betyds by die koshuis te wees. Appellant het skielik uit die pad geswaai, oor die randsteen gery en in die rigting van die bosse beweeg. Klaagster het eers gedink dat hy kortpad neem om haar vinnig by die koshuis te kry of selfs dat hy miskien iets wat verkeerd was opgelet het en wou sien wat daar aangaan. Daar was net 'n voetpaadjie en hy kon nie verder in die bos in nie en het stilgehou. Dit was toe ongeveer 01h05. Klaagster het nie geweet waarom hy daar stilhou nie. Appellant sê toe vir klaagster om haar klere uit te trek of hy neem haar na haar ma-hulle toe waarop klaagster geantwoord het dat sy dan aan haar pa sal vertel waarmee appellant haar gedreig het. Appellant wou van haar weet wie hulle sal glo, die polisie of vir haar. Daarna het die appellant aan haar gesê om nie bekommerd te wees nie want hy sal haar nie verwagtend maak nie en die rugleuning van die klaagster se

sitplek teruggeslaan sodat sy agteroor lê en hy het bo-oor haar gaan lê. Hy het ondanks haar weerstand die halternek van haar eenstuk broekpak los geforseer en haar broek afgeforseer. Sy was bewus daarvan dat hy 'n vuurwapen by hom gehad het en was bang om te veel weerstand te bied. Hy het sy broek losgemaak en herhaaldelik probeer om met haar gemeenskap te hê. Sy het elke keer daarin geslaag om hom met haar hande weg te keer totdat hy uiteindelik dit tog reggekry het om haar te penetreer. Sy het seergekry en dadelik geskree. Hy het haar onmiddellik gelos en by die deur aan haar kant van die motorkar uitgeklim. Klaagster weet nie of hy saad gestort het nie. Hy het gestaan met sy hande min of meer by sy middellyf en die gedagte het by haar opgekom

dat hy sy hande miskien by sy vuurwapen het. Sy vra hom toe wat hy nou gaan doen en hy antwoord dat hy hom net afvee. Hy het omgestap na die bestuurder se kant toe en vir klaagster, wat besig was om haar klere op te trek, gesê om klaar aan te trek. Hy het daarna vinnig na die koshuis gery en naby die voordeur van die koshuis stilgehou. Dit was toe ongeveer 01h30 en teen daardie tyd was die deure van die koshuis al lankal toegesluit. Klaagster het aan appellant vertel dat sy ʼn boete sal moet betaal omdat sy laat is. Sy wou die primaria van die koshuis bel om haar te vra om die voordeur vir haar oop te sluit maar het nie enige geld by haar gehad nie. Sy het gevolglik vir die appellant gevra of hy nie vir haar 10c vir die telefoon het nie. Toe hy sê hy het nie 10c nie het die klaagster hom vir 20c gevra. Dit

het hy ook nie gehad nie. Hy het haar gevra of sy sal regkom. Klaagster het gesê ja en dadelik uit die motorkar geklim en weggehardloop. Die appellant het ook dadelik weggery. Die voordeur was gesluit en klaagster het na die agterkant van die koshuis gehardloop waar haar kamervenster is en na haar kamermaat geroep. Haar kamermaat was daardie tyd in die badkamer en haar vriendin Sona du Plessis wat die kamer net langsaan die klaagster het, het haar hoor roep en na die venster gekom en haar gevra wat sy daar soek. Sona het na die voordeur gekom en klaagster het verduidelik dat die polisie haar van Johan weggeneem het en gevra dat sy die voordeursleutel moet kry en haar inlaat. Erica van Tonder het

toe opgedaag met 'n sleutel en die voordeur vir klaagster oopgesluit.

Op daardie stadium was die klaagster verskrik en het gehuil. Volgens haar het sy nie geweet wat met haar gaan gebeur nie. Haar vriendinne wou almal tegelyk weet wat met haar gebeur het. Klaagster het op die toonbank voor in die koshuis gaan sit en toe was sy nie in staat om enigiets aan hulle te vertel nie. Sy het nie geweet waar om te begin en wat om te sê nie. Phana Prinsloo, die primaria en Erica is na klaagster se kamer toe en die klaagster en Sona het die trappe opgeloop. Hulle is saam na klaagster se kamer. Klaagster se kamermaat Salomé du Preez was toe ook alreeds in die kamer.

Klaagster....../16

Klaagster het kortliks aan hulle vertel wat gebeur het en gesê dat ŉ mens kan sê dat die polisieman haar verkrag het. Haar vriendinne het vir haar ŉ kalmeerpilletjie gegee en sy het haar slaapklere geneem en in die kleedkamer gaan uittrek. Haar vriendinne het by haar gebly totdat sy in die bed was.

Klaagster het geslaap tot ongeveer 10h00 en haar vriendinne het vir haar kos in die kamer gebring. Klaagster het nie geweet na wie sy moet gaan nie en of sy die aangeleentheid moet gaan rapporteer nie. Sy was bang om na die polisie te gaan en ook bang dat daar ŉ hofsaak sal wees as sy die aangeleentheid rapporteer. Sy was ook nie seker of die hele aangeleentheid verby

was nie omdat die appellant haar besonderhede in sy boekie afgeneem het en sy nie geweet het of hy dit aan iemand sal moet wys nie. Sy het die aangeleentheid aan haar ouers gerapporteer en die middag het sy die saak by die polisie gerapporteer. Speurder adjudant-offisier Schoeman en haar ouers is die aand saam met haar na die distriksgeneesheer waar sy om 21h20 deur hom ondersoek is.

Die distriksgeneesheer het geen beserings aan die klaagster gevind nie. Hy het skedesmere geneem waarop spermatozoa gevind is. Die klaagster het al op twee vorige geleenthede geslagsgemeenskap met Johan gehad en volgens beide haar en Johan het Johan die laaste keer toe die appellant op hulle afgekom het soos vorige kere weer 'n kondoom

aangehad. Volgens Johan het hy nie ge-ejakuleer nie en was die kondoom nog leeg en heel toe hy dit die aand na die gebeure in sy kamer afgehaal het.

Sona, ŉ vierdejaarstudent het ook getuig en vir die klaagster in hoofsaak gestaaf. Sy was in ŉ beter posisie as die klaagster om die klaagster se geestestoestand te beskryf. Volgens haar was die klaagster heeltemal histeries toe sy haar by die voordeur kry. Sy het gehuil en het baie deurmekaar gepraat. Sy het gesê dat ŉ polisieman haar aangerand het. Toe hulle met die trappe oploop het sy vir klaagster gevra wat presies gebeur het waarop sy geantwoord het "jy kan maar sê hy het my 'gerape'". In die kamer het sy vreeslik gehuil en kon

sy haar vriendinne nie vertel wat gebeur het nie. Sy het net die heeltyd gesê dat die polisieman haar aangerand het en dat as 'n mens nie die gereg kan vertrou nie wie kan jy vertrou. Sy het ook gedurig herhaal dat sy bang was en bewus was dat hy 'n rewolwer aan sy sy gehad het en dat hy die heeltyd aan die rewolwer gevat het. Hulle het vir die klaagster 'n kalmeerpilletjie gegee om te drink sodat sy tot bedaring kon kom.

Die volgende oggend het die klaagster vir Sonahulle min of meer vertel wat gebeur het. Sy het skynbaar in breë trekke vertel wat sy in die verhoorhof getuig het en ook spesifiek gemeld dat die appellant haar in die bosse geneem het en verkrag het. Sy het toe weer

begin....../20

begin huil.

Johan het ook getuig en hy staaf die klaagster ten opsigte van die tersaaklike gebeure terwyl hulle twee nog bymekaar was totdat die appellant die klaagster in die polisiemotor laat klim het. Belangrike punte in sy getuienis is die volgende. Toe die appellant by hom en die klaagster stilgehou het en hy uit sy motorkar geklim het, het die appellant vir Johan gedreig om hom toe te sluit omdat hy vir 'n polisievoertuig weggejaag het. Clark het vir Johan van sy motorkar af weggeneem na 'n plek oorkant die pad en skuins agter die polisie-motorkar en aan hom gesê dat die appellant met die klaagster wil praat. Hy het geen besonderhede van

Johan geneem nie en net gesê dat hy en appellant hulle plig doen en dat alles van die appellant gaan afhang wat hulle gaan doen. Appellant is al langer in die diens as hy en hy is dus in beheer en gee die nodige bevele. Johan kon nie hoor of sien wat tussen die appellant en klaagster in sy motorkar gebeur nie. Toe die klaagster uit Johan se motorkar klim het die appellant vir Clark eenkant toe geroep en met hom gepraat. Klaagster het in die polisiemotor geklim. Johan het haar gevra om saam met hom te ry en sy het geantwoord dat die appellant gesê het dat sy saam met hom moet ry en dat Clark saam met Johan moet ry. Daarna is Johan en Clark

op......../22

op 'n opdrag van appellant met Johan se motorkar na Five Ways waar hulle vir die appellant moes gaan wag het. Johan en Clark het ongeveer dertig of veertig minute vir die appellant daar gewag. Appellant het naderhand daar opgedaag en vir Johan gesê dat hy vir die klaagster by die koshuis afgelaai het en dat hy moet sorg dat soiets nie weer gebeur nie. Appellant het vir Clark opgelaai en weggery.

Speurder adjudant-offisier Schoeman het beslag gelê op appellant se sakboekie en geen inskrywings gekry wat enige betrekking op hierdie besondere voorval kon gehad het nie. Heelagter op die laaste bladsy van die sakboekie is die klaagster se naam, haar huisadres, haar

ouderdom, haar geboortedatum en die telefoonnommer van haar ouerhuis. Daar onder is 'n streep getrek en dan verskyn daar "Melodie K2". Dit is die klaagster se koshuis se naam en woonstelnommer in die universiteitskoshuis.

Volgens die speurder adjudant-offisier word dit ingevolge staande instruksies van 'n polisieman verwag om min of meer in kronologiese volgorde aantekeninge in sy sakboekie te maak van sy bewegings en die ondersoeke wat hy doen terwyl hy aan diens is.

In Clark se sakboekie is daar ook geen inskrywings wat enigsins op hierdie saak betrekking kon hê

nie.

Die appellant baseer sy verdediging slegs op sy relaas van die gebeure vroeg op die Sondagoggend. Die Sondagaand het hy weer op diens gegaan en toe hy by die radiobeheerkantoor aankom het luitenant Ferreira hom in sy kantoor ingeroep en meegedeel dat daar 'n klag van verkragting teen hom gelê is en die naam van 'n mej Immelman genoem. Volgens die appellant was hy ietwat dronkgeslaan hieroor en kon nie dink wie dit kon wees nie. Daarna het die gebeure van die vorige nag tot hom deurgedring en hy het toe na die inskrywing op die agterblad van sy sakboekie gekyk en die naam Immelman daar gesien. In sy hoofgetuienis het hy die posisie ietwat anders

gestel. Hy het toe gesê dat toe die naam Immelman genoem is, hy na sy sakboekie verwys het en die geval van die vorige nag wel in vae herinnering gekom het. Dit is moeilik om te glo dat selfs op sy eie weergawe van die gebeure die nag hy so gou kon vergeet het wie mej Immelman was as sy getuienis in gedagte gehou word dat hy nog nie voorheen met 'n soortgelyke geval te doen gehad het nie.

In vele opsigte stem sy getuienis ooreen met die van die klaagster en Johan behalwe dat hy ontken dat hy die "vingertoets" op die klaagster uitgevoer het en dat hy haar verkrag het of met haar geslagsgemeenskap gehad het. Sy getuienis kom kortliks op die volgende

neer. Hy en Clark was saam op patrolliediens. By die Flatrock padkafee het hulle twee motorkarre opgemerk wat nie ver van mekaar af geparkeer was nie. Hulle het besluit om die twee motorkarre na te gaan om seker te maak of hulle nie gesteelde motorkarre was nie. Dit is eintlik 'n klein parkeergebied in die bos weg van die stadsligte af. Appellant het na die een motorkar gegaan wat later die een van Johan blyk te gewees het en met sy flits in die motorkar ingelig. Hy kon sien dat 'n man op 'n vrou lê en dat die vrou se bene voor op die instrumentebord van die motorkar rus. Hy het toe teen die ruit geklop en gevra dat die ruit van die motorkar oopgemaak word. Hy wou met die insittendes praat om vas te stel

of daar nie 'n oortreding van die ontugwet gepleeg word nie. Die man, d w s Johan, het toe terug beweeg na die bestuurder se sitplek toe, die motorkar aangeskakel, die kopligte aangeskakel en teen 'n taamlike hoë spoed weggery. Appellant was baie agterdogtig omtrent die motorkar en het hom dadelik agterna gesit met die polisiemotorkar. Hy het gesien dat die motorkar by die Kaap Receife-pad indraai waar daar dik bosse is en appellant het die motorkar feitlik tot 'n stilstand gedwing waar die pad doodloop deur skuins voor die motorkar in te beweeg en stil te hou. Alhoewel die appellant gesê het dat Johan die kopligte aangesit het voordat hy by die padkafee weggery het beweer hy op hierdie stadium van sy getuienis dat Johan

die kopligte aangesit het kort voordat appellant hom tot stilstand gedwing het. Volgens appellant het hy en Clark uit die polisiemotor geklim en na Johan se motorkar geloop. Johan het uit sy motorkar geklim en was nakend en besig om sy broek aan te trek. Appellant het met sy flits in die motorkar gelig en die klaagster gesien sit. Sy het haar hande voor haar gesig gehad en was nakend en het net 'n buustelyfie aangehad. Hy het vir beide Johan en klaagster gesê om aan te trek wat hulle toe gedoen het. Toe hy met hulle praat het klaagster begin huil en gesnik.

Volgens Johan en die klaagster het Johan nie sy broek uitgetrek toe hulle geslagsgemeenskap gehad het nie en was sy hemp slegs voor oopgeknoop. Die klaagster

het 'n eenstuk-broekpak aangehad wat sy uitgetrek het. Toe hulle wegry by die padkafee het Johan sy broek voor toegemaak en alleen sy hemp was voor oop toe hy op die Kaap Receife-pad uit sy motorkar geklim het. Die klaagster het haar broekpak dadelik aangetrek en dit was tot by haar middellyf toe hulle stilhou. Sy het toe die baadjie van 'n sweetpak oor haar skouers gehad. Dit is uiters onwaarskynlik dat hulle nie sou probeer het om so gou as moontlik aan te trek nie toe hulle weggery het en veral toe hulle bewus geword het dat hulle agtervolg word. Trouens hulle was toe ook op pad terug na die koshuis indien hulle sou aangehou ry het en nie in die Kaap Receifepad ingedraai het nie. Dit is gevolglik moeilik

om......../30

om te glo dat beide van hulle kaal was en veral dat Johan kaal uit sy motorkar geklim het om met die twee polisiemanne te praat.

Volgens appellant wou die klaagster nie haar naam verstrek nie en het al harder begin huil toe hy haar daarna gevra het. Johan het met hulle daar ingemeng wat veroorsaak het dat dinge al erger word. Appellant het gevolglik vir Clark gevra om vir Johan daar weg te neem want appellant wou inligting van die klaagster gehad het. Op daardie stadium het appellant gesien dat beide die klaagster en Johan blank was en vir 'n onverklaarbare rede wou hy juis inligting van die klaagster hê. Geen poging is aangewend om enige inligting van Johan

te verkry nie. Sy naam is selfs nie eers gevra nie. Volgens appellant het hy alleen haar naam en adres gevra. Die persoon wat so gehuil het en nie vir hom haar naam in die eerste instansie wou gee nie het toe ewe skielik betreklik mededeelsaam geword en aan hom vertel dat dit die eerste keer is dat soiets met haar gebeur en dat haar ouers heeltemal teen haar verhouding met Johan was, dat beide sy en Johan studente aan die Universitiet van Port Elizabeth is en ook dat Johan haar feitlik gedwing het om met hom geslagsgemeenskap te hê en dat sy verder niks met hom te doen wil hê nie. Appellant wou van haar weet of sy 'n klag teen Johan wou lê maar sy wou nie. Sy het hom ook vertel dat haar vader 'n professor by die

universiteit...../32

universiteit is en hy het haar gevra waarvoor sy studeer. Hy kan nie onthou of sy gesê het dat sy vir 'n graad of 'n diploma studeer nie. Sy het hom wel vertel dat sy in haar tweede jaar is. Hy het haar op 'n vaderlike manier gevra wat die gevolge sal wees wat haar studies betref as sy sou swanger raak. Sy het geantwoord dat haar ouers haar sou verstoot en dat dit klaarpraat met haar studies sou wees. Tydens hierdie gesprek het hy langs die motorkar aan die bestuurder se kant op sy hurke gesit met die flits in die een hand en sy sakboekie in die ander hand. Hy het die besonderhede op die agterblad van sy sakboekie geskryf ingeval sy 'n klag wou lê. Dit blyk duidelik uit sy getuienis dat hy nie van plan was om enige

klag teen haar te lê nie en dat sy ook nie enige klag wou lê nie. Onder kruisverhoor het hy gesê dat hy haar besonderhede geneem het indien iemand anders ŉ klag teen haar en Johan wou lê. *Dit is net onverklaarbaar waarom* hy haar naam, adres en telefoonnommer geneem het en agter in sy sakboekie geskryf het. Dit was duidelik nie ŉ prosedure wat hy gevolg het in verband met enige klag nie. Bowendien as sy ŉ klag sou wou gelê het, sou mens verwag het dat hy Johan (die moontlike aangeklaagde) se besonderhede sou geneem het wat hy nie gedoen het nie. Bowendien sê die appellant dat volgens die posisie waarin hy die klaagster en Johan by die padkafee gevind het, is dit onwaarskynlik dat Johan haar enigsins gedwing

hy oor die voorste sitplek gelê om die toets te doen.

Volgens appellant het klaagster vir hom en Clark gevra om haar huis toe te neem omdat sy nie verder met Johan iets te doen wou hê nie en sy nie wou hê dat haar ouers haar in die teenwoordigheid van Johan sien nie. Johan wou saam na haar ouers se huis gaan en op haar versoek het appellant vir Clark gesê om hom weg te hou van Louis Botha-laan waar haar ouers se tuiste is. Inderdaad kon Johan nie geweet het wat klaagster en appellant sou gesels het nie en al wat hy kon geweet het is dat sy terug na die koshuis geneem moes word. Johan wou haar self koshuis toe neem en volgens beide klaagster en Johan wou hy dit gedoen het en appellant het hom afgejak.

het. Die appellant kon dit nie geglo het nie.

Johan en Clark was al die tyd toe hierdie gesprek plaasgevind het anderkant die polisiemotorkar en kon nie hoor wat hulle gesels het nie. Appellant weet ook nie wat Johan en Clark gesels het nie. Dit is onverklaarbaar waarom hy die ongemaklike posisie ingeneem het om op sy hurke buite die motorkar te sit om hierdie gesprek met klaagster te voer. Hy kon gemaklik binne die motorkar gesit en selfs geskryf het en dit was nie nodig om in so 'n ongemaklike posisie in sy sakboekie te skryf soos hy self verduidelik het nie. Hy ontken dat hy die sogenaamde "vingertoets" uitgevoer het. Volgens klaagster was hy in die hurkende posisie en het

Dit is dus onwaar dat Johan wou saam gaan na haar ouerhuis en dat klaagster om daardie rede nie wou hê dat hy saam gaan nie en moes weggestuur word met Clark.

Met die verleentheid waarin klaagster haar bevind het was haar ouerhuis die laaste plek waarheen die klaagster deur polisie geneem wou wees want dit sou haar indiskresie met Johan aan die kaak gestel het. Dit is dus veel meer aanneemlik dat sy vir die appellant sou gesoebat het om haar koshuis toe te neem toe hy met bybedoelings gedreig het om haar na haar ouerhuis te neem. Appellant het vir Clark gesê om saam met Johan vir hom by Five Ways te gaan wag, d w s 'n hele ent daarvandaan af. Dit het vir appellant 'n kans gegee

om........./37

om vir 'n lang ruk met klaagster alleen en ongesteurd te wees. Sy verduideliking dat Clark by "S-Bend" moes gaan wag het en dat hy per abuis Five Ways in plaas van S-bend gesê het gaan eenvoudig net nie op nie.

Waarom sou klaagster nie wou hê dat haar ouers sien dat sy met Johan huis toe kom nie as hulle geweet het dat sy saam met Johan na die dans was, soos wel die geval was. Dit sou nie lank neem om klaagster direk na die koshuis of haar ouerhuis te neem nie. Waarom moes Johan so vèr weggeneem word?

Volgens appellant het hy gemeen om vir klaagster na haar ouerhuis te neem maar langs die pad het sy vir

hom gesê dat sy in die koshuis inwoon en dat hy haar soontoe moes neem. Hy het dit gedoen en op haar aanwysing voor die Melodi koshuis afgeklim. Hy ontken dat sy hom gesê het dat sy by die koshuis inwoon toe sy besonderhede omtrent haarself aan hom verstrek het. Appellant kon geen bevredigende verduideliking gee van hoe dit gekom het dat hy die naam van haar koshuis en haar woonstelnommer agter in sy sakboekie aangeteken het nie. Hy sê net sy het dit gegee voor die koshuis waar hy haar afgelaai het. Daar was geen rede vir haar om hierdie besonderhede daar aan hom te gee nie. Die enigste aanvaarbare verduideliking is dat klaagster die waarheid praat as sy sê sy het dit saam met die ander

besonderhede..../39

besonderhede gegee.

Volgens appellant het klaagster hom vir 'n 10c stuk gevra om iemand te telefoneer om die voordeur vir haar oop te maak. Hy het nie kleingeld gehad nie en kon haar nie help nie. Hy kon haar ook nie help met 'n 20c stuk nie. Sy het gesê sy sal wel daarin slaag om in te kom. Ondanks die feit dat sy laat was het sy vir hom verduidelik wat die posisie daar was. Dit was eienaardig genoeg nie langs die pad gedoen nie. Sy het gesê dat na 01h00 die voordeur na elke uur oopgesluit word deur 'n primaria om persone wat laat kom in te laat. Daar was 'n boete as iemand laat kom en die boete word al groter namate so iemand aanhou om

laat...../40

laat te kom. Na sy dit alles aan hom vertel het, het hy haar gevra wat die naam van haar koshuis is. Sy het net gesê Melodie K2. Hy het nie geweet wat die K2 voor staan nie. Terwyl hy hierdie inligting in sy sakboekie geskryf het, het sy oor na hom geleun en hom 'n piksoentjie op sy wang gegee. Sy het hom ook bedank dat hy haar gehelp het en die hele affêre weggehou het van haar ouers deur hulle nie daarvan te vertel nie. Hy het haar toe met sy plathand 'n klappie op die knie gegee en gesê dat sy haar nie moet bekommer nie, en dat "sy moet mooi loop en nie weer sulke 'stupid' dinge doen nie". Klaagster is toe uit die motorkar uit en appellant is toe daar weg. Nadat hy ander pligte nagekom het, het

hy vir Clark by Johan by Five Ways gaan oplaai. Die dinge wat sy hom sou vertel het van wat gebeur as iemand laat kom strook nie met die feite nie. Waarom sy sou tyd mors om hom hierdie leuens te vertel is onbegryplik.

By die verhoorhof het die advokaat van die appellant toegegee dat Sona basies 'n eerlike getuie was. Volgens haar was die klaagster histeries, sy het gehuil en deurmekaar gepraat toe sy haar by die voordeur van die koshuis gesien het. Hierdie toestand waarin die klaagster was kan glad nie versoen word met haar toestand van dankbaarheid en tevredenheid waarvan die appellant getuig het nie. As daar niks tussen hom en klaagster gebeur het nie en haar houding teenoor hom

slegs een van dankbaarheid en tevredenheid met sy optrede teenoor haar was, dan is dit heeltemal onbegryplik waarom sy haarself sonder enige rede sou blootstel aan al die publisiteit, onplesierigheid en vernedering vir haarself en haar ouers wat volg na ŉ klag van verkragting veral as dit noodwendig sou meebring dat die aard van haar verhouding met Johan ook aan die kaak gestel word.

Dit is veral opvallend hoedat die appellant sy posisie as polisie-reservis gebruik het om Johan uit die pad uit te maneuvreer om daardeur sy eie doelwit te bereik. Hy het geen aandag aan hom bestee nie en geen inligting van homself ingewin nie. Dit was klaarblyklik ŉ leuen dat hy wou verhinder dat Johan hulle na klaagster

se ouers vergesel. Dat hy Johan van die motorkar wou wegkry om alleen met klaagster te praat was ook 'n truuk want as daar geen bedekte oogmerk was nie, waarom moes appellant alleen met klaagster praat? Sy was verskrik, ontsteld en bang, het gehuil en die appellant het besef dat sy gevoel het dat sy aan sy genade oorgelaat was. Hy het die posisie uitgebuit en die sogenaamde toets op haar gedoen om haar nog verder vrees op die lyf te jaag deur te sê dat hy saadselle gevind het. Hy het gedreig om haar na haar ouers te neem en te sê wat tussen haar en Johan gebeur het. Dit was nie om dowe neute nie. In haar verslae en angsbevange toestand en verleë posisie het hy haar weggeneem vanaf Johan en sy planne met haar

probeer ........../44

probeer uitvoer, eers deur dieper in die bos in te ry en toe hy die mense by die motorfiets kry, het hy omgedraai en na die universiteitsgronde gery.

Die klaagster beweer dat die appellant haar verkrag het. Dit sou inpas by sy optrede teenoor haar in die pad na Kaap Receife en die toestand waarin sy was toe sy by die koshuis afgelaai is. Alhoewel die kruisverhoor uiters omslagtig en uitgerek, en vir die klaagster soms vernederend was en feitlik elke moontlike aspek van die saak direk en indirek, gedek het, was bloedweinig daarvan gerig teen haar getuienis oor die beweerde verkragting en haar toestand onmiddellik na die beweerde verkragting toe sy by die koshuis afgelaai is. Haar

getuienis was deurgaans samehangend en konsekwent en sy het 'n besondere indruk op die verhoorhof gemaak. Sy het die plek waar die appellant stilgehou het en haar verkrag het op die volgende dag, die Maandag-oggend aan adjudant-offisier Schoeman gaan uitwys. Hy kon geen tekens van motorkarspore daar kry nie maar volgens hom kan geen afleiding daarvan gemaak word nie vanweë die reënbui wat in die tussentyd geval het en die redelike sterk en standhoudende wind wat die Sondag gewaai het wat spore op 'n sanderige oppervlakte kon uitgewis het.

Daar is spermatozoa in klaagster se skede-smere gekry. Volgens beide Johan en klaagster se getuie-

nis........../ 46

nis kon dit nie Johan s'n gewees het nie.

Monsters is geneem van appellant, klaagster en Johan se spoeg en bloed en volgens luitenant Joubert van die forensiese wetenskap-laboratorium in Pretoria kon met wetenskaplike toetse vasgestel word dat dit onmoontlik is dat die spermatozoa wat in die skedesmere gevind is deur Johan afgeskei kon gewees het. 'n Sekere D Skinner wat verbonde is aan die bloedoortappingsdienste in Durban as a mediese tegnoloog in die forensiese serologiese laboratorium en wat ook al 'n hele aantal proefnemings in verband met bloedgroepe en liggaamsuitskeidings gedoen het, het egter die mening uitgespreek dat die toetse wat luitenant Joubert gedoen het nie vir Johan heeltemal

kon uitskakel nie. Die verhoorhof was van mening vir redes aangedui dat Skinner nie met dieselfde wye ervaring as luitenant Joubert kon getuig nie. Die verhoorhof was nietemin nie bereid om slegs op die getuienis van luitenant Joubert 'n bevinding in hierdie verband uit te bring nie.

Die verhoorhof het bevind dat indien daar nie op die omstandighede, waarskynlikhede en ander faktore gelet word nie, geen kritiek teen die appellant se voordrag as getuie uitgespreek kan word nie. Vervolgens het die verhoorhof egter verwys na die omstandighede, waarskynlikhede en ander faktore in die saak wat die evaluering van sy getuienis in 'n ander lig stel.

Dit is nie nodig om alles hier te herhaal nie. Die verhoorhof het ook verwys na twee aangeleenthede in die appellant se getuienis wat volgens 'n erkenning van die advokaat van die appellant hom 'n uiters onbevredigende getuie maak. Dit het betrekking op die neem van die besonderhede van die klaagster en die aantekening daarvan in die agterkant van sy sakboekie en in besonder die tyd wanneer hy 'n aantekening gemaak het van die naam van haar koshuis en woonstelnommer. Hierdie onbevredigende deel van sy getuienis reflekteer op die egtheid van sy getuienis oor wat op die pad na Kaap Receife gebeur het en steun die getuienis van die klaagster dat sy vir die appellant gesoebat het om haar nie na haar ouerhuis

te......./49

te neem nie maar koshuis toe te neem. Die verhoorhof het ook spesifiek verwys na getuienis waarin hy hom weerspreek het en ook na getuienis wat vals is. Die verhoorhof het gevolglik vir hierdie en talle ander gegronde redes wat genoem word geen twyfel gehad om die appellant se getuienis te verwerp en die getuienis van die klaagster en Johan asook die ondersteunende getuienis te aanvaar nie.

Mnr Kilian handel in sy betoog slegs met die waarskynlikheid en onwaarskynlikheid van die getuienis van die klaagster en die appellant ten opsigte van sekere gebeure in isolasie gesien, 'n taktiek wat 'n sekere mate van plousibiliteit aan sy betoog verleen. Wanneer hierdie gebeure egter teen die agtergrond van die getuienis

in die geheel en al die omstandighede gesien word verloor sy betoog sy oënskynlike aanneemlikheid. Dit sal dus geen doel dien om hier spesifiek met sy argumente te handel nie want dit weeg glad nie op teen die breë strekking van die getuienis waarna hierbo verwys word nie.

Mnr Kilian het gevolglik nie daarin geslaag om hierdie hof te oortuig dat die uitspraak van die verhoorhof soos gehandhaaf deur die hof <u>a quo</u> verkeerd is nie.

Wat die vonnis betref, het die verhoorhof sorgvuldige en goed beredeneerde redes verstrek. Die verhoorhof het na die toepaslike beginsels verwys en al

die feite en omstandighede wat as versagtende en verswarende feite en omstandighede beskou kan word in aanmerking geneem. Na hy dit alles noukeurig oorweeg het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat vanweë die erns van die appellant se misdaad en die omstandighede waaronder dit gepleeg is die appellant ondanks sy persoonlike omstandighede gevangenisstraf opgelê moet word.

Mnr Kilian gee toe dat hy nie kan aanvoer dat die verhoorhof in enige opsig misgetas het nie maar argumenteer dat die vonnis buitensporig swaar is. In hierdie verband betoog hy dat die appellant nie enige geweld gebruik het wat die klaagster enigsins beseer het nie en dat hy nie met sy misdaad volhard het nie omdat

hy opgehou het met sy aanval op die klaagster toe sy geskree het. Hy beroep hom ook op die appellant se optrede teenoor die klaagster toe die appellant haar voor die koshuis afgelaai het. Volgens hom het die klaagster geen fisiese of psigiese letsels opgedoen nie.

Die feit bly egter staan dat hy haar wel verkrag het en 'n saadstorting gehad het; saadselle is op haar broekie sowel as in haar privaatdele gevind. Die weerstand wat sy gebied het, het hy oorkom. Die waarskynlikhede is dat dit nie haar geskree was wat hom laat ophou het nie maar die orgasme wat hy ongeveer dieselfde tyd bereik het. Vandaar sy gebrek aan verdere belangstelling en sy bereidwilligheid om haar

dadelik........... / 53

dadelik koshuis toe te neem. Dit is moeilik om te verstaan waarna verwys word wanneer gepraat word van die ordentlikheid van appellant se optrede teenoor die klaagster voor die koshuis waar hy haar afgelaai het.

Wat ookal die posisie, die verhoorhof het al die tersaaklike omstandighede in aanmerking geneem. Indien in gedagte gehou word, soos wel deur die verhoorhof gedoen is, hoedat die appellant die nag sy posisie as polisie-reservis uitgebuit het om sy laakbare doel te bereik, veral nadat hy die klaagster en Johan aangetref het waar hulle met mekaar geslagsgemeenskap gehou het, is dit moeilik om te aanvaar dat hierdie hof of enige ander hof 'n ligter vonnis sou

opgelê het as die een wat die verhoorhof opgelê het.

Die slotsom is dat die appèl ten opsigte van die skuldigbevinding en die straf wat opgelê is van die hand gewys word.

W.G. BOSHOFF.

VILJOEN, AR)
HOEXTER, AR) STEM SAAM.